# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA

## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

JBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

0c — Tuesday 3 July 1973 — WINDHOEK — Dinsdag 3 Julie 1973 — No. 3335


CONTENTS

:OVERNMENT NOTICES:


No. 107 Ordinance, 1973: Promulgation of ... ... ... ...

No. 108 Regulations for the Control of Dogs in Municipal areas: Amendment ... ... ... ... ... ...


INHOUD — *Page/Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:


Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van ... ... ... 679

Regulasies op die Beheer oor Honde in Munisipale gebiede: Wysiging ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. 679


## Government Notices

The following Government Notices are published for ge-
:ral information.

H. P. F. GOUS,
*Acting Secretary for South West Africa.*

dministrator's Office,
Windhoek.

'o. 107.] [3 July 1973.

### ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms
f section 27 of the South West Africa Constitution Act,
968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which
hereby published for general information in terms of
:ction 29 of the said Act.

| 'o. | *Title* | *Page* |
| --- | --- | --- |
| 12. | Municipal Dog Tax Amendment Ordinance, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 680 |

## Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 107.] [3 Julie 1973.

### ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
| --- | --- | --- |
| 12 | Munisipale Hondebelastingswysigingsordonnansie, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... ... .. | 681 |

No. 12 of 1973.]

MUNICIPAL DOG TAX AMENDMENT ORDINANCE, 1973.

*(Assented to 27 June 1973.)*

*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

*(Date of commencement 3 July 1973.)*

# ORDINANCE

To amend the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to define the expression Executive Committee; to provide that the provisions of the said Ordinance may be applied to peri-urban areas; and to provide for incidental matters.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of Ordinance 13 of 1967 to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator".

1. The Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

Amendment of section 1 of Ordinance 13 of 1967, as amended by section 1 of Ordinance 41 of 1967.

2. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after the definition of "dog" of the following definition:

" "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);".

Substitution of section 16 of Ordinance 13 of 1967.

3. The following section is hereby substituted for section 16 of the principal Ordinance:

"Application of Ordinance to Village Management Board areas and peri-urban areas.

16. The Executive Committee may by proclamation in the *Official Gazette* apply the provisions of sections 1 to 15, inclusive, to any Village Management Board area referred to in section 3 of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) and any area declared by the Executive Committee to be a peri-urban area within the scope of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance

No. 12 van 1973.]

MUNISIPALE HONDEBELASTINGWYSIGINGSORDONNANSIE, 1973.

*(Goedgekeur 27 Junie 1973.)*

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

*(Datum van inwerkingtreding 3 Julie 1973.)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; om die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te omskryf; om voorsiening te maak dat die bepalings van genoemde ordonnansie op buitestedelike gebiede toegepas kan word; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van Ordonnansie 13 van 1967 om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

1. Die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 41 van 1967.

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na die woordbepaling van "regulasie" die volgende woordbepaling in te voeg:

"beteken "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);".

Vervanging van artikel 16 van Ordonnansie 13 van 1967.

3. Artikel 16 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Toepassing van Ordonnansie op dorpsbestuursgebiede en buitestedelike gebiede.

16. Die Uitvoerende Komitee kan die bepalings van artikel 1 tot en met artikel 15 by proklamasie in die *Offisiële Koerant* toepas op enige dorpsbestuursgebied bedoel in artikel 3 van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) en enige gebied wat deur die Uitvoerende Komitee verklaar is tot 'n buitestedelike gebied binne die bestek van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ont-

## MUNICIPAL DOG TAX AMENDMENT ORDINANCE, NO. 12 OF 1973.

19 of 1970) as from a date to be specified in such proclamation in which event those provisions shall *mutatis mutandis* apply to such Village Management Board area and the Village Management Board constituted for such Village Management Board area in terms of the said section 3 as well as for such peri-urban area and in respect of such peri-urban area the Peri-Urban Development Board established under section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970).".

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Municipal Dog Tax Amendment Ordinance, 1973.

---

## GOVERNMENT NOTICE

No. 108.] [3 July 1973

## AMENDMENT OF REGULATIONS FOR THE CONTROL OF DOGS IN MUNICIPAL AREAS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 15 of the Municipal Dog Tax Ordinance, 1967 (Ordinance 13 of 1967) amended the regulations promulgated under Government Notice 131 of 1968 by the substitution of the following regulation for regulation 1:

"1. For the purpose of these regulations unless the context indicates otherwise, words and expressions shall have the meanings assigned to them in Ordinance 13 of 1967 and on application thereof to —

(a) any village management board area the words "council" and "municipality" shall mean "board and board area";

(b) any peri-urban area the words "council" and "municipality" shall mean "Peri-Urban Development Board" and "peri-urban area".

MUNISIPALE HONDEBELASTINGWYSIGINGSORDONNANSIE, NO. 12 VAN 1973.

wikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) vanaf 'n datum wat in sodanige proklamasie bepaal word in welke geval sodanige bepalings *mutatis mutandis* geld vir sodanige dorpsbestuursgebied en die dorpsbestuur ingestel vir sodanige dorpsbestuursgebied ingevolge die bedoelde artikel 3 asook vir sodanige buitestedelike gebied en ten opsigte van sodanige buitestedelike gebied, die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970).".

4. Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale Hondebelastingwysigingsordonnansie, 1973. Kort titel.

---

GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. 108.] [3 Julie 1973.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES OP DIE BEHEER OOR HONDE IN MUNISIPALE GEBIEDE.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 15 van die Munisipale Hondebelastingordonnansie 1967 (Ordonnansie 13 van 1967) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 131 van 1968 gewysig deur regulasie 1 deur die volgende regulasies te vervang:

"1. By die toepassing van hierdie regulasies, tensy uit die sinsverband anders blyk, het die woorde en uitdrukkings die betekenisse wat in Ordonnansie 13 van 1967 daaraan geheg word en by die toepassing daarvan op —

(a) enige dorpsbestuursgebied beteken die woorde "raad" en "munisipale gebied", "bestuur" en "bestuursgebied";

(b) enige buitestedelike gebied beteken die woorde "raad" en munisipale gebied", "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling" en "buitestedelike gebied".